

# St. Johannes Climacus
## 30 Maart

(sterf 649)

Hy staan bekend as Climacus n.a.v. sy grootse werk, *"Die Trapleer na Volmaaktheid"* (trapleer is *climacus* in Grieks). Hy was waarskynlik uit Palestina of Sirië afkomstig en het baie jare as kluisenaar in die woestyn by die Berg Sinaï geleef. In *"Die Trapleer na Volmaaktheid"* beskryf hy die ideaal van Christelike volmaaktheid en veral ook die uitdagings van die kloosterlewe. Op die ouderdom van 70 jaar is hy deur die monnike van Sinaï tot owerste verkies. Hy was 'n baie nederige mens met 'n geweldige groot voorliefde vir gebed en naastediens

© Die Oratorium Uitgewery